GOUE NUUS

Herfs uitgawe - Mrt 2019

Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie
Streek Goudrif
Est. 9 Junie 1984

Posbus 3554, Randgate, 1763 // jsmk@lantic.net // 074 204 1179

<u>Oordenking</u>: Op reis deur die Woord – "Om te skinder".

In families, onder werksvriende, kerkvriende, kampvriende, kennisse, ens., kan mense tog só maklik skinderstories begin – soms heel onskuldig, soms met voorbedagte rade en gewoonlik loop dit uit op dit, wat nie verwag is die gevolge daarvan sou wees nie.
Het jy jouself al betrap dat jy sê, òf iemand hoor sê, òf iemand vir jou sê: "*Het jy gehoor…*" "*Ek hoor iemand sê nou die dag…*" *"Ek hoor per toeval daar in die ablusieblok/personeelkamer/kantien/by Pick n Pay ens. dat X met Y praat…" "Wat ek jou nou vertel moet jy asseblief vir jouself hou…"* Dit is hoe 'n skinderstorie gewoonlik begin.

Wat staan in die Bybel, hieroor onder andere?
> Spreuke 16:28. Om die waarheid te verdraai veroorsaak twis en bring verwydering tussen vriende.
> 2 Korintiërs 12:20(b). Paulus is bang vir twis … kwaadpratery … nuusdraery …
> As jy voel daar word van jou gepraat – Spreuke 26:20. 'n Vuur sal nie aanhou brand as daar nie gereeld hout op gegooi word nie – 'n kwaadstoker hou 'n rusie aan die gang.
> Spreuke 26:22. Mense luister graag na skinderstories.
> As jy agterkom wie van jou praat – Matteus 18:15. Gaan wys hom/haar daarop, maar hou dit tussen julle twee – jy het hom/haar dan teruggewen.
> Efesiërs 4:26. Moenie 'n dag kwaad afsluit en dus sondig nie.
> Johannes 10:10. Jesus wil sien dat elkeen sy lewe in oorvloed leef.

Dus:
> Skinder oor jou, gebasseer op waarheid of op fiksie, maak seer.
> Probeer om skinderstories oor jou of iemand anders, te ignoreer.
> Wanneer die tyd geskik is, sonder om vlamme aan te vuur, korrigeer skinderstories oor jou by jou vriende want hulle sal jou by ander verdedig en hulle woorde sal meer objektief voorkom.

Probeer om:
~ met 'n sagte woord die skinderaar te konfronteer en
~ nie jou selfbeeld/selfwaarde verminder nie en
~ nie mense volgens gerugte te oordeel nie.

Langenhoven het in sy wysheid gesê dat, met al die liefde wat mens gee en met al die liefde wat mens ontvang, jou lewe meer leefbaar sal wees.

Johan.

Goudrif-gebeure verder te wagte vir 2019:

Gaan kyk gerus by http://www.sawa.org.za/gebiede-streke/gebied-goue-weste/streek-goudrif/

Goudrif webbladsy en facebook:

Gebruik die link http://www.sawa.org.za/gebiede-streke/gebied-goue-weste/streek-goudrif/
en gaan kyk na ons kampnuus wat na elke kamp geplaas word.
Daar's ook heelwat te sien op facebook by https://web.facebook.com/groups/623978028062209/.

Feesjaar embleme vir 2019: SAWA 50-jaar en GOUDRIF 35-jaar:

In Junie 2019 is GOUDRIF 35 jr oud en in Augustus is SAWA 50 jr oud. Hierdie twee feesjaar embleme beteken groot makitie! Goudrif se verjaarsdag dinee is DV, 1 Junie.

Presidente stalletjie vir 2019:

Goudrif het vanjaar die *Koekies en Beskuit* stalletjie op die Presidente saamtrek oor Paasnaweek. Johan is vooraf druk besig met voorbereiding van die bokse om die proviant in te vervoer.

Kyk Saterdag tydens die kermis in die markiestent uit vir Goudrif se banier en kom ondersteun ons met 'n groot beursie!

Eastco Magalies saamtrek -Jan 2019:

In heerlike sonskyn somer weer sommer net ‘n klipgooi van die huis af, het drie gesinne die fasiliteite van Eastco Magalies geniet en sommer ook met ‘n groot gekuier, die Goudrif kas versterk met pannekoek bak.

Umfula/Tambotie Vreugde saamtrek - Februarie 2019:

Die tweeledige kamp te Umfula en Tambotie Vreugde het om die beurt goeie reën beleef maar ook lekker sonskyn. Vyf gesinne het mekaar se geselskap geniet en die die pragtige natuurskoon ingedrink.

Waterkloofdam saamtrek - Maart 2019:

Waterkloofdam Hengeloord by Kosterdam is ‘n hengelparadys vir enige visserman. Hoewel ons nie visstokke saamgehad het nie, is die rustigheid van die dam ‘n lafenis vir enige siel. Vier gesinne het daar lekker gekuier!

Ledesake:

Dit is vir ons ‘n groot plesier om Jan en Anet Jacobs te verwelkom as nuwe lede by streek Goudrif vanaf Maart 2019. Ons glo dat hulle die kamplewe saam met Goudrif baie sal geniet. Jan was in die hospitaal die einde van Maart vir ‘n oprasie en het nog bietjie seer. Spoedige herstel Jan!

Christine was ook ernstig siek in die hospitaal gedurende Januarie en sukkel nog om al haar kragte terug te kry.

Bra-Jo was deur die werk vir ‘n paar weke noordelike halfrond toe gestuur, waar hy vrék koud gekry het!

Klein Janco is vanjaar in graad een en het sommer dadelik al aan die redenaars deel geneem. Ons hou die mannetjie dop!

Lianka het baie goed gevaar in redenaars en het deurgedring na die ATKV kompetisie wat later vanjaar plaasvind. Sy is ook ‘n kranige netbalspeelster.

In die afgelope kwartaal was daar ook verjaarsdagmaatjies: Johan 5 Jan; Faan 11 Feb; Christine 1 Mrt; Joanita 18 Mrt. Seënwense vir die nuwe lewensjaar!

Die Goudrif-kommittee:

Sameroeper(Voorsitter): Johan Fouchee. (082 856 4466)
Assistant Sameroeper(Ondervoorsitter): Elizet Fouchee. (072 837 0059)
Sekretaris: Bettie Fouchee. (081 270 8232)
Penningmeester: Christine Ludick. (082 816 4404)
Addisionele lid: Rina Barnard. (082 856 3030)
Seniorburger Verteenwoordiger (Burgerrmeester): Frans Ludick. (072 776 2023)

Goudrif se bankdetails:

Bankiers: ABSA Bank – Randfontein
Tipe rekening: Klubrekening (spaar)
Rekeningnommer: 93-4593-1024
Aanlyn takkode: 632-005
NotifyMe: 074 204 1179

Boodskap vanaf die Voorsitter:

Wees gegroet almal.

2019 beleef al reeds die einde van sy eerste seisoen en die Herfs is hier.

Die Presidente 2019 saamtrek is om die draai en ‘n vreugdevolle vooruitsig na die hoogtepunt-saamtrek v/d jaar! Elders is meer daaroor gesê.

Finansieël het die kas mooi gegroei in die eerste kwartaal. Fondsinsameling is maar altyd prioriteit en enige voorstelle, behalwe dit wat reeds op die tafel is, sal baie waardeer word.

Ten slotte, is dit weereens my gebed vir elke Gouriwwer dat die Here vir jou goed sal wees, vir jou sal sorg, jou raaksien, Sy liefde gee en voorspoedig maak . . .

Johan.

oOo

Die buitelewe roep!!